

VOERMOL DROË KOEI AANVULLING

Klas: Droë Koei plus Anioniese Soute

VOERMOL DROË KOEI AANVULLING is 'n spesiaal geformuleerde aanvulling vir die voer aan droë koeie vir die laaste 21 dae voor kalf:

- bevat die nodige anioonsoute asook die nodige kalsium, fosfaat, magnesium en swael om metaboliese steurnisse te help voorkom;
- bevat hoë vlakke van organiese spoorminerale soos sink, selenium, koper en mangaan wat hoogs opneembaar is en noodsaaklik is vir optimum reproduksie;
- bevat hoë vlakke Vitamiene A, D3 en E. Vitamien E tesame met selenium is 'n kragtige antioksidant wat die koei se immuniteit versterk;
- is melassegebaseer en smaaklik sonder die gepaardgaande inname probleme wat gewoonlik met anioonsoutmengsels ondervind word.

SAMESTELLING VAN VOERMOL DROË KOEI AANVULLING

REG NR V14603 (Wet 36/1947)

(g/kg)

(mg/kg)

Ruproteïen* (min)	180	Mangaan	250
Ureum (maks)	3.1	Koper	50
Ruvesel (maks)	120	Kobalt	0.8
Vog (maks)	160	Jodium	2.5
Kalsium (min/maks)	30/45	Sink	500
Fosfor (min)	8	Selenium	1.2
Magnesium (min)	7	Vitamien A (IE/kg)	35 000
Swael (min)	7	Vitamien D3 (IE/kg)	3 000
Energie (MJ ME/kg)	7.5	Vitamien E (mg/kg)	150
*67 % afkomstig vanaf NPN			

Verpakking – 40 kg

Sien ureumwaarskuwing**VOEDINGSINSTRUKSIES**

- Meet die effektiwiteit van die rantsoen vier dae nadat koeie **Voermol Droë Koei Aanvulling** begin vreet het om die uriene pH na 6.5 by Holsteins en 5.5 by Jerseys te verlaag;
- word aan diere 21 dae voor kalwing gevoer teen 1.5 kg tot 2.5 kg per koei/dag;
- kan met gelyke hoeveelhede meliemeel vermeng word om die voorkalkoei se rumen aan te pas vir die hoë konsentraatvlakke tydens laktasie. Goed voorbereide koeie begin vroeër na kalwing vreet wat die risiko van steurnisse soos ketose en verplaasde abomasums help voorkom;
- word tesame met *ad lib.* ruvoer gevoer. Vermyn die voer van weidings

**VOERMOL**

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL